

KOMMUNIKASIE AAN SA JAGTERS SE LEDE TEN OPSIGTE VAN DIE IMPLIKASIES VAN DIE UITSPRAAK IN GOSASE DRINGENDE HOFAANSOEK

SA Jagters se lede is per SMS ingelig van die onlangse uitspraak in die Hooggeregshof aansoek van Gun Owners of South Africa ("GOSA") teen die Nasionale Polisiekommissaris en die Minister van Polisie.

Hierdie aansoek volg op die finale uitspraak van SA Jagters v Minister van Polisie in die Grondwetlike hof waarvan u ook reeds ingelig is.

Die GOSA aansoek baseer sekere van sy uitgangspunte op sommige aspekte van en argumente tydens die SA Jagters en Minister van Polisie uitspraak.

Benewens bogemelde het die Voorsitter van die Portefeuljekomitee op Polisie onlangs bevestig dat die Minister van Polisie versoek het dat 'n ses-maande amnestietydperk Ingevolge die Wet op Vuurwapenbeheer deur die Parlement goedgekeur word.

Die Portefeuljekomitee het reeds bevestig dat hierdie versoek om Amnestie goed te keur op 16 Augustus 2018 deur die Portefeuljekomitee bespreek sal word waarna dit na die Algemene Vergadering verwys sal word vir goedkeuring.

SA Jagters is tans besig om die bestaande stand van sake in die lig van bogemelde ontwikkelings deeglik met hulle regsverteenwoordigers te oorweeg en sal so spoedig moontlik volledig met lede kommunikeer.

Intussen adviseer SA Jagters sy lede soos volg:

1. Die GOSA uitspraak is 'n tussentydse aansoek wat geldig is hangende die afhandeling van 'n hoofaansoek wat nou moet voortgaan.
2. Hierdie tussentydse aansoek mag moontlik finale werking kry indien die hoofaansoek ten gunste van GOSA beslis word, maar mag dalk ook tersyde gestel word. Intussen is die bevel geldig en moet dit deur alle persone eerbiedig word.
3. Ingevolge die tussentydse bevel mag die SAPD op geen manier, totdat die hoofaansoek van GOSA afgehandel is, vereis dat enige wapen waarvan die lisensie verval het omdat daar nie betyds aansoek gedoen is vir hernuwing van die lisensie nie, by die polisie ingehandig word nie. Hierdie hofbevel stop dus die huidige proses van inhandig van wapens waarvan die lisensies verval het.
4. Ingevolge die tussentydse hofbevel is lede wat grondige redes kan aanvoer waarom hulle nie betyds aansoek gedoen het om die lisensie van sodanige wapens te hernu nie, geregtig om aansoek vir hernuwing van die lisensies te doen, op vorm SAP 518(a), en sou hulle dit doen, sal hulle bestaande lisensies as geldig beskou word tot met die finale oorweging van die aansoek.
5. SA Jagters moedig alle lede wat wel sulke grondige redes kan aanvoer, aan om spoedig moontlik sulke hernuwingsaansoeke te doen en om, indien die plaaslike SAPD DFO nie aansoeke kan of wil ontvang nie, 'n behoorlike nota van die gebeure tydens die gepoogde inhandiging te maak, en om dit te bewaar vir latere verwysing. Noteer die stasie, datum, plek en tyd sowel as die naam, rang en nommer van die Polisiebeampte wat u help.
6. Vir alle ander lede (m.a.w. wat nie grondige redes het vir nie-hernuwing kan aanvoer nie), behoort die voorgestelde amnestie 'n uitweg te bied om wapenlisensiering in orde te kry.
7. SA Jagters se verdere kommunikasie volg spoedig.